

# LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL

---

## DISSIPLINÊRE BELEID

---

### 1. INLEIDING

In ooreenstemming met die gees van Lucas Meyer Primêre Skool se ETOS en ten einde die trotse tradisie van die skool met jaloesie te beskerm word die volgende dissiplinêre beleid daargestel.

Lucas Meyer Skool verbind hom plegtig tot die daarstelling van 'n skoolklimaat waarbinne opvoeding en leer optimaal kan plaasvind.

Om hieraan te kan voldoen, is dit noodsaaklik dat die skool oor 'n prakties-uitvoerbare dissiplinêre beleid beskik wat sal verseker dat die skool se kurrikulêre en buite-kurrikulêre onderwysprogram so ordelik moontlik sal verloop. Die daarstelling en implimentering van die onderstaande dissiplinêre beleid dien hiermee as vertrekpunt vir die handhawing en uitbouing van hierdie skool se dissiplinêre karakter en om die leerlinge te lei tot selfdissipline.

### 2. GEDRAGSKODE

Die Beheerliggaam van Lucas Meyer Skool aanvaar hierdie gedragskode vir leerlinge nadat daar oorleg gepleeg was met die leerlinge, ouers en opvoeders van die skool. Die gedragskode as dissiplinêre beleid beoog, volgens die Onderwyswet wat op 15 November 1996 aanvaar is, dat daar 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing geskep moet word wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

### 3. WOORDOMSKRYWING

In hierdie dissiplinêre beleid beteken -

“Beheerliggaam” ‘n beheerliggaam soos beoog in artikel 16(1); (v) van die Onderwyswet van 15 November 1996.

“Skoolhoof” die hoof van onderwysinrigting.

“Onderwyser” ‘n werknemer van Lucas Meyer Skool wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 1994 in diens van die skool is.

“Departementshoof” die hoof van ‘n interne departement.

“Leerling” enige persoon wat onderwys ontvang.

“Interne Dissiplinêre Komitee” die komitee wat verantwoordelik is vir die implementering en bedryf van die dissiplinêre beleid.

“I.D.K” verwys na die Interne Dissiplinêre Komitee.

“Junior Afdeling” verwys na die leerlinge van Graad 1, 2 en 3.

“Senior Afdeling” verwys na die leerlinge van Graad 4 en 7.

“Skoolbestuur” verwys na die komitee wat Lucas Meyer se bestuur behartig en wat bestaan uit die skoolhoof, Adjunk-hoof, departementshoofde en vakhoofde, asook gekoöpteerde persone.

#### **4. BENADERING TOT DIE TOEPASSING VAN DIE BELEID**

##### **4.1 Filosofiese begroning**

Ons beskou elke kind as ‘n unieke wese wat sy/haar positiewe Godgegewe persoonsmoontlikhede ten volle behoort te verwerklik. Aangesien hierdie moontlikhede hoofsaaklik in die teenwoordigheid van ‘n volwasse opvoeder en medeleerlinge bereik kan word, is dit van deurslaggewende belang dat hierdie bemoeienis in ‘n geordende en vormende onderrigklimaat sal geskied.

Indien daar, as gevolg van ongewenste optrede deur ‘n leerling of leerlinge, inbreuk gemaak word op hierdie rigtinggewende begeleiding van die kind, sal laasgenoemde nie in staat wees om sy/haar moontlikhede ten volle te verwerklik nie. Hierdie beleid dien dus as maatreël om te verseker dat geen leerling deur sy/haar eie ongeoorloofde optrede, of deur die ontoelaatbare gedrag van een of meer medeleerling(e) sal verhoed om tot volle persoonsverwerkliking te kom nie.

##### **4.2 Opvoedkundige benadering**

Die skool se dissiplinêre beleid sal te alle tye in ‘n gees van goedgesindheid, liefde en ondersteuning toegepas word. Dit impliseer die volgende:

4.2.1 Leerlinge sal met die nodige sensitiwiteit en begrip aan die toepassing van reëls en regulasies onderwerp word.

4.2.2 Simpatieke gesagsleiding sal te alle tye met die leerlinge geskied, want die leerlinge het die reg om aangehoor te word.

4.2.3 Erkenning van die kind se waardigheid en eiesoortige aard van die spesifieke lewensfase waarbinne die kind hom/haar bevind, sal deurgaans hoë prioriteit geniet, derhalwe sal daar om die rede ‘n onderskeid tussen die junior primêre fase (Gr 1 - Gr 3), senior primêre fase (Gr 4 - Gr 6) en junior sekondêre fase (Gr 7) gemaak word.

Leerlinge in die junior afdeling beskik nog nie oor dieselfde vlak van gewetensvorming, normatiewe onderskeiding en sedelik-selfstandige besluitvorming as dié van ‘n ouer kind nie. Met die oog op die Graad 7-leerlinge se afronding as skoolverlater, sal ‘n eiesoortige gedragskode ook vir hierdie leerlinge geld.

4.2.4 Die Graad 7 leerlinge het reeds in so ‘n mate van normatiewe onderskeiding en gewetensvorming ontwikkel dat ‘n hoër mate van verantwoordelikheid van die leerlinge verwag kan word.

Die gedragskode wat vir die leerlinge geld behels die strenger toepassing van die skoolreëls en ‘n verwagting dat die senior leerlinge ‘n voorbeeld vir die junior leerlinge sal wees.

##### **4.3 Sedelik-godsdienstige benadering**

Die hoof en personeel van Lucas Meyer Skool glo dat elke kind deur die gewilde geskiedenis van God geroep is om ‘n sekere doel in die lewe te bereik. Dit is die wens en strewe van hierdie skool dat elke kind so begelei sal word, dat hy/sy daardie lewensdoel sal bereik. Ingryping sal dus alleenlik geskied wanneer dit blyk dat ‘n leerling se houding of optrede nie strook met dit wat van die spesifieke leerling(e) verwag word nie.

## 5. HOOFDOELWIT VAN DIE BELEID

Die hoofdoelwit van hierdie dissiplinêre beleid is om 'n ordelike skoolmilieu te skep, waarbinne sinvolle opvoeding kan plaasvind en waarin elke leerling optimaal baat kan vind by die onderwys van die skool, met die volgende ondersteunende doelwitte:

- 5.1 Die model wil goeie dissipline verseker en 'n omgewing van rustigheid skep waarin elke leerling tot selfdissipline en verantwoordelikheid geroep kan word.
- 5.2 Die model wil die kansvatter en opgedissiplineerde leerling roep tot verantwoordelikheid.
- 5.3 Daar moet gedurig gestreef word om die negatiewe karaktertrekke by leerlinge af te keer en positiewe eienskappe aan te moedig en die leerlinge te verseker van liefde en respek.
- 5.4 Die model poog ook om 'n historisiteitsbeeld van elke leerling daar te stel, hetsy positief of negatief na die leerling se aard.
- 5.5 Die model erken die leerling se reg op dissipline en om aangehoor te word.
- 5.6 Die model verwag van elke leerling om altyd te doen wat behoorlik is as bewys van sy vordering op die opvoedingspad wat met hom/haar beloop word.
- 5.7 Die model wil ook die leerling wat ernstige gedragsafwykings openbaar en ander leerlinge negatief beïnvloed, identifiseer, vermaan en begelei ten einde sy gedrag te verbeter.

Indien sy gedrag nie verbeter nie, kan so 'n leerling geïsoleer (skorsing) word ten einde sy/haar invloed te minimaliseer op die ander leerlinge.

## 6. DIE IMPLEMENTERING VAN 'N STRAFPUNTESTELSEL

### 6.1 Doel van die stelsel

Die doel van die stelsel is ener syds om negatiewe gedragpatrone te ontmoedig of te ondervang, maar andersyds ook om vir leerlinge as aansporing te dien om 'n positiewe rekord te handhaaf.

### 6.2 Toepassing van die strafpuntstelsel

- 6.2.1 Dit is die ondrwyser se verantwoordelikheid om sy/haar gesonde oordeel te gebruik om te bepaal wanneer daar vir 'n oortreder 'n strafpunt toegeken behoort te word.
- 6.2.2 Alle aanmeldingsvorme moet aan die hoof deurgegee word vir verdere hantering van die saak indien die maksimum strafpunte bereik is.
- 6.2.3 'n Standaard vorm word vir alle aanmeldings gebruik.
- 6.2.4 Die I.D.K./Skoolhoof sal, nadat 'n leerling 20 debietpunte gekry het, 'n brief aan die ouers rig oor die aangeleentheid om die oortredinge onder hulle aandag te bring.

### 6.3 Erkenning van Prestasie

Prestasie of situasies van voorbeeldige gedrag moet as motivering gesien word en ook op die aanmeldingsvorm aangeteken word.

## **7. KATEGORIEË VAN OORTREDINGS**

Ten einde 'n duidelike beeld van 'n gedifferensieerde benadering ten opsigte van oortredings daar te stel, word alle oortredings in die volgende kategorieë verdeel:

### **7.1 Kategorie 1 - Oortredings**

Hierdie oortredings hou een en elk verband met die kind se skoolwerk. Enige oortreding wat dus met die kurrikulêre onderrigprogram te make het, word in hierdie kategorie geplaas, met spesifieke verwysing na kurrikulêre opdragte wat nie uitgevoer is nie, soos huiswerk wat onvolledig aangebied word, of boeke wat nie by die skool is nie, dus dinge wat gedoen moet word, maar nie gedoen is nie.

Die leerlinge word hier soos volg gepepenseer:

Graad 1: 1 punt; Graad 2 : 1 punt; Graad 3 : 2 punte

Graad 4: 3 punte; Graad 5 : 3 punte; Graad 6 : 3 punte; Graad 7 : 4 punte

### **7.2 Kategorie 2 - Oortredings**

Hierdie kategorie behels alle oortredings van ontoelaatbare gedrag of optrede waar die leerling iets doen wat hy/sy nie mag doen nie.

Die leerlinge word hier soos volg gepepenseer:

Graad 1: 1 punt; Graad 2 : 1 punt; Graad 3 : 2 punte

Graad 4: 3 punte; Graad 5 : 3 punte; Graad 6 : 4 punte; Graad 7 : 5 punte

### **7.3 Kategorie 3 - Oortredings**

Dit is algemene oortredings van 'n ernstige morele aard wat onmiddellike ingryping verlang. Leerlinge wat uiterste vorme van aggressie en vernielug openbaar, asook diefstal is enkele voorbeelde hiervan.

Die leerlinge word hier soos volg gepepenseer:

Graad 1 : 2 punte; Graad 2 : 2 punte; Graad 3 : 3 punte

Graad 4 : 4 punte; Graad 5 : 4 punte; Graad 6 : 5 punte; Graad 7 : 6 punte

### **7.4 Waardetoekenning**

In paragraaf 2.2 is daar reeds gemotiveer dat die toepassing van die dissiplinêre beleid sal onderskei tussen leerlinge in die junior en senior primêre fase, terwyl 'n eiesoortige wyse van hantering ten opsigte van Graad 7 leerlinge sal geld. Op grond hiervan word 'n sekere waarde toegeken volgens die kategorie waarbinne spesifieke oortredings val. Sodoende word voorsiening gemaak vir die leerlinge se verskillende vlakke van normatief-selfstandige bewusheid, ingesteldheid en ontwikkeling. Ten einde onnodige administratiewe rondslomp uit te skakel, sal die waardetoekenning van spesifieke oortredings ook kategorieë geskied.

## **8. PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE DISSIPLINÊRE BELEID**

Ten einde te verseker dat die toepassing van die dissiplinêre beleid tot sy volle konsekwensies deurgetrek word, is dit belangrik dat die dissiplinêre program op 'n doeltreffende wyse bestuur sal word. Die voorkoms, hantering en afhandeling van insidente behoort op so 'n wyse te geskied dat die maksimum effek daardeur verkry word, sonder om die onderwyser so te belas deur die administratiewe hantering daarvan, dat die normale klaskamerpraktyk in die proses skipbreuk ly.

8.1 Elke klas- of vakonderwyser deel aan die begin van die jaar aan elke leerling in sy/haar klas/vak aanmeldingsvorme uit waarvan die leerlinge die persoonlike gegewens voltooi.

‘n Voulêer word vir elke klas/vak aangêelê waarin die aanmeldingsvorme geliaser word vir vinnige verwysing wanneer ‘n aanmelding gedoen moet word.

- 8.2 Wanneer ‘n geval van problematiese insidentering voorkom, neem die onderwyser slegs die spesifiek aanmeldingsvorm uit die lêer en beskryf kortliks die oortreding, waarby die leerlinge moet parafeer.
- 8.3 Die I.D.K./Skoolhoof beveel ook na 20 debietpunte ‘n spesifieke strafmaatreël aan.
- 8.4 Die I.D.K./Skoolhoof stel ook die ouers skriftelik per brief in kennis wanneer ‘n leerling 20 debietpunte op sy/haar rekord het.
- 8.5 Alle aanmeldings moet uiters konfidensieel gehanteer word deur alle persone wat met die aanmeldings te doen het.
- 8.6 Na elke verwysing vir straftoepassing word van voor af debietpunte opgebou. Elke skoolkwartaal word nuut begin.

## **9. STRAFMAATREËLS**

- 9.1 Enige wetlik-aanvaarde en departementeel-goedgekeurde strafmaatreëls mag deur die I.D.K. toegepas word waar onder-andere die volgende:
  - 9.1.1 Mondelinge of skriftelike vermanings deur die skoolhoof of die betrokke onderwyser as ‘n kategorie een-oortreding voorgekom het wat nie ‘n gereelde verskynsel by die leerlinge is nie, sonder dat die leerlinge aanmelding ontvang.
  - 9.1.2 Konstruktiewe bykomende skoolwerk of sinvolle transkripsiewerk, as ‘n kategorie een-oortreding voorgekom het wat die leerling of van sy medeleerlinge se vordering of deelname aan die klasaktiwiteite kan benadeel, of wanneer die leerling byvoorbeeld sit en speel terwyl hy/sy moet werk.
  - 9.1.3 Take wat verrig kan word ter verbetering van die skoolomgewing wanneer ‘n kategorie twee-oortreding voorgekom het waar ‘n leerling byvoorbeeld plante beskadig het of die kleedkamers bemors het. Die straf vind plaas waar die oortreding begaan is. (Administratiewe pligte, tuinwerk of opruiming). Die persoon op terreindiens moet toesien dat die strafmaatreëls uitgevoer word.
  - 9.1.4 Agterbly na skoolure (detensie) waar gereelde oortredings van dieselfde tipe voorkom uit die kategorie een-of-twee oortredingsvelde. Detensie sal verkieslik op ‘n Vrydagmiddag plaasvind vir ‘n minimum van een uur, maar nie langer as twee ure nie, afhangende van die aard van die oortreding, nadat reëlins per brief met die ouers getref is.
  - 9.1.5 Gemeenskapdiens binne die skool geld veral vir oortredings waar fasiliteite wat deur die breër skoolgemeenskap benut word, beskadig, bemors, bevuil of verniel is.

Gemeenskapdiens word op die punt waar die oortreding begaan is, gedoen sodat die leerling uit sy straf kan leer om saam met die skoolgemeenskap te werk. Die persoon op terreindiens hou hier toesig. Kategorie twee-oortredings is veral hier van toepassing.

- 9.1.6 Tydelike skorsing (verbod op deelname) aan sekere skoolaktiwiteite as die leerlinge se gedrag by die aktiwiteite tot nadeel van die aktiwiteite is of tydelike skorsing van skoolaktiwiteite (soos sportaktiwiteite, kulturele bedrywighede of gebruik van die mediasentrum.)
- 9.1.7 Behoudend die Onderwyswet en enige toepaslike provinsiale wet, kan die beheerliggaam van 'n openbare skool, na 'n regverdige verhoor, 'n leerling skors van bywoning van die skool as 'n korrektiewe maatreël vir 'n tydperk wat nie een week te bowe gaan nie; of in afwagting van 'n beslissing deur die skoolhoof of die leerling uit die skool gesit moet word. Die doel met die strafmaatreël is rehabilitasie en 'n leerling word by sy terugkeer na die skool onder waarneming geplaas ten opsigte van sy/haar gedrag.
- 9.1.8 Behoudens enige toepaslike provinsiale wet, mag 'n leerling by 'n openbare skool permanent uit die skool gesit word slegs:
- a. deur die skoolhoof en
  - b. indien hy of sy na 'n regverdige verhoor skuldig bevind is aan ernstige wangedrag nadat dit deur die skoolbestuur aanbeveel is en deur die Beheer-liggaam bevestig is.

Die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal, by kennisgewing in die Provinsiale Koerant

- a. die gedrag van 'n leerling by 'n openbare skool wat ernstige wangedrag beskou word;
- b. dissiplinêre prosedures wat in sodanige gevalle gevolg moet word;
- c. bepalinge aan 'n behoorlike regsproses om die belange van die leerling en enige ander party wat by dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.

'n Leerder of die ouer van 'n leerling wat uit 'n openbare skool gesit is, kan teen die beslissing van die skoolhoof appel aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad. Indien 'n leerling wat ingevolge artikel 3(1) aan verpligte bywoning onderhewig is, uit 'n openbare skool gesit word, moet die skoolhoof 'n alternatiewe reëling tref vir sy of haar plasing by 'n openbare skool.

9.2 Ten einde reg aan elke individu te laat geskied, behoort die volgende riglyne in die toepassing van die strafpuntestelsel gevolg te word:

- 9.2.1 Leerlinge wie baat gevind het by die toepassing van toepaslike strafmaatreëls, moet erkenning daarvoor kry deur die inskrywing van 'n positiewe opmerking op die oorspronklike aanmelding onder die opmerkingskolom deur die I.D.K. alleen.
- 9.2.2 Daar mag nie in die toekoms teen 'n leerling onredelik gediskrimineer word oor oortredinge in die verlede nie.
- 9.2.3 Onderwysers sal streng onderskeid moet tref tussen menslike foute (byvoorbeeld eenmalige vergeet van 'n boek) en chroniese of moedswillige optrede deur die leering.

- 9.2.4 Leerlinge kan nie aanspreeklik gehou word vir oortredinge wat spruit uit swak, onvoldoende dissipline en nalatigheid aan die kant van 'n onderwyser nie, soos byvoorbeeld laatkommery in klas, afwesigheid uit die klas, swak kommunikasie met die leerlinge, swak persoonlikheidstrekke, swak/geen klasbeheer of onvoldoende voorbereiding nie.
- 9.3 In die bereiking van bogenoemde ideale, is dit belangrik dat daar duidelike riglyne sal geld wat die ordelike gang van sake sal verseker. Derhalwe is dit van deurslaggewende belang dat die skoolreëls:
- 9.3.1 Sal dien as riglyne vir aanvaarbare gedrag en optrede;
- 9.3.2 Aan elke kind en onderwyser bekend sal wees;
- 9.3.3 Jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas sal word;
- 9.3.4 Aan elke leerlinge wat nuut inskryf by die skool, voorsien word;
- 9.3.5 Deur alle ouers van leerlinge in die skool erken sal word deur die handtekening wat ouers op die inskrywingsvorm aanbring wanneer hulle kinders by die skool inskryf en dat hulle kinders hulle sal onderwerp aan die skoolreëls en wat die skoolreëls ookal impliseer.

## **10. DIE OMVANG VAN DIE SKOOLREËLS**

Ten einde aan die verwagting te voldoen, is dit belangrik dat die daarstelling van skoolreëls so omvattend moontlik gedoen word. Die bedoeling hiermee is nie om die leerlinge te probeer "uitvang" nie, maar om te verseker dat die toepassing van dissipline konsekwent en deursigtig sal geskied. Onaanvaarbare gedrag wat nie deur die skoolreëls aangespreek word nie, lei tot verwarring by die kind - wat nie bevorderlik is vir die daarstelling van 'n eie normatiewe verwysingsraamwerk by die kind-in-wording nie.

## **11. DIE BETROKKENHEID VAN ONDERWYSERS, OUERS EN LEERLINGE BY DIE TOEPASSING VAN DIE BELEID**

### **11.1 Onderwysers**

Die betrokkenheid van die onderwysers by die toepassing van die beleid is 'n voorvereiste vir die sukses daarvan. Dit sluit die volgende vereistes in:

- 11.1.1 Elke onderwyser moet by die program betrokke wees en op hoogte wees met die funksionering van die program.
- 11.1.2 Opleiding en begeleiding moet op 'n kontinue basis aan personeellede gegee word om te verseker dat die implementering van die program konsekwent sal en bly geskied.
- 11.1.3 Nuwe onderwysers moet so gou doenlik by die dissiplinêre program ingeskakel word
- 11.1.4 Onderwysers behoort ook, waar nodig, van tyd tot tyd aanbevelings aan die skool se interne dissiplinêre komitee te maak ter verbetering van die program.
- 11.1.5 Onderwysers wat nalaat om die program te implimenteer of onverskillig staan teenoor die skool se dissiplinêre beleid sal deur die I.D.K. ingeroep of by die hoof gerapporteer word waarna 'n dissiplinêre ondersoek van die onderwyser se houding kan volg.

11.1.6 Dissipline bly 'n langtermyn proses en elke onderwyser moet sy/haar bydrae lewer deur sy/haar konsekwente optrede wat respek en lojaliteit by die leerlinge sal opwek.

## 11.2 **Ouers**

Alle ouers word beskou as mede-bestuurders van die skool se dissiplinêre program. As sulks sal ouers op die volgende maniere by die program betrek word:

11.2.1 'n Inligtingsaand oor die skool se dissiplinêre beleid.

11.2.2 Die gereelde ontvangs van omsendbriewe waarin ouers ingelig word oor enige veranderinge in die aard en toepassing van skoolreëls.

11.2.3 Uitnodigings om die skool te besoek in gevalle waar 'n kind se gedrag na herhaaldelike ingryping steeds veel te wense oorlaat.

11.2.4 Kontak met skool op uitnodiging van die skool oor 'n leerling. Aangesien die ouers se rol as primêre opvoeder van die kind deur die skool erken word, sal die skool alles in sy vermoë doen om die ouer by die opvoeding en onderrig van sy/haar kind te betrek. Om hierdie rede sal die hoof steeds voortgaan om 'n oopdeurbeleid te volg waarin ouers aangemoedig word om sake rakende hul kind(ers) met hom te bespreek.

## 11.3 **Leerlinge**

Die betrokkenheid van leerlinge by die implimentering van die dissiplinêre program, word as 'n hulpmiddel vir leierskapontwikkeling gesien - en nie as die uitoefening van gesag oor medeleerlinge persy nie.

Die volgende aangewese leerlinge sal met die toepassing van die beleid behulpsaam wees:

11.3.1 Die skoolleiers.

11.3.2 Die klasleiers.

11.3.3 Die sportleiers.

11.3.4 Die medialeiers.

Hierdie leerlinge kan negatiewe optrede onder die aandag van personeel bring. Indien die personeellid van mening is dat die oortreding in die strafleër aangeteken moet word, moet it via die betrokke klasonderwyser gedoen word.